

**Publication:** SonWes - Sport
**Title:** UWC-VROUE SOEK PLEK IN SEMI-FINAL
**Publish date:** 06 Aug 2026
**Page:** 12

**Reach:** 16016
**AVE:**R 73082.66
**Author:** Staff Reporter

# UWC-VROUE SOEK PLEK IN SEMI-FINAL



**MY TIME:** Tiffany Kortjie van die UWK is as die speler van die wedstryd aangewys in die gelykop uitslag van 1-1 teen die Walter Sisulu-Universiteit. **FOTO VERSKAF**

**MARK WARD**

DIE Universiteit van Wes-Kaapland se vrouesokkerspan, die verdedigende kampioen, staan voor 'n opdraande stryd om 'n plek in die semi-final van vanjaar se Varsity Football Tournament te verseker.

Dít volg nadat die span van Vulindlela Biko (coach) hulle eerste twee groepwedstryde met gelykop uitslae afgesluit het, wat die pad vorentoe ietwat moeilik maak.

In die eerste wedstryd van die span van Bellville het die Kapenaars die louere met die Walter Sisulu-Universiteit met 1 elk gedeel.

In hulle daaropvolgende wedstryd het hulle dieselfde pad geloop toe hulle met 0-0 gelykop gespeel het teen die gasheer, Tuks.

Die Caracals, soos die span bekend staan, sal die naweek twee bepalende groepwedstryde op die Wits-sportterrein in Johannesburg speel.

In die eerste game pak hulle Limpopo voordat hulle Sondag met die span van die Tshwane-Universiteit vir Tegnologie (TUT) kragte meet.

**Ingedeel**

Die uitslae van albei dié wedstryde sal bepaal of die Bellville-studente van 'n plek onder die laaste vier verseker sal wees al dan nie.

Die ag deelnemende universiteite is in twee groepe van vier elk ingedeel.

Die halfeindstryde word Maandag beslis. Die eindstryd vind op Woensdag 19 Augustus plaas.

Biko het haar span se duidelike doelwitte vir die veldtog benadruk, veral om deurgaans mededingend te wees.

Daarby wil sy ook hê dat die span se opwaartse ontwikkeling voortgaan, en dan ook om in elke wedstryd 'n sterker vertoning te lewer om hulle binne trefafstand te hou.

"Ons voorbereiding het tot dusver baie goed verloop en die spelers het deur die hele voorseisoen uitstekende toewyding getoon.

"Ons bly nou daarop gefokus om te presteer," het Biko gesê.

Sy het die leisels by UWK oorgeneem te midde van heelwat veranderinge in die coaching structure nadat die vorige coach, Thina Mbuli, haar by Banyana Banyana aangesluit en die voormalige assistant coach Msekeli Mvalo 'n pos by Tuks aanvaar het.

■ Intussen het die Cape Peninsula University of Technology (CPUT) 'n 0-0-uitslag teen Limpopo bewerkstellig, maar teen die TUT met 11-0 lelik in die hek geduik.

**FIXTURES**

**Saterdag:** UWK t Limpopo; Johannesburg t Walter Sisulu; CPUT t UP-Tuks; Wits t Tshwane.
**Sondag:** UP-Tuks t Wits; Walter Sisulu t CPUT; Limpopo t Johannesburg; Tshwane t UWK.



www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.